

LOGAN GOVENDER

PINT-SIZED Mrs Melody Phillips-Britton is the only Indian woman mechanic who repairs and soups up engines and hydraulics of the supersonic Cheetah fighter planes in the country.

Like the awesome sound-breaking aircraft, she too, has also broken barriers.

Before the majestic Cheetah, worth more than R100 million, soars through the skyline tomorrow at the Virginia Airshow in Durban North, two people - Phillips-Britton, formerly of Pietermaritzburg, and her mentor and white colleague - will be working flat out behind the scenes to ensure that the display goes like clockwork.

Phillips-Britton, 25, who relocated with her parents from Pietermaritzburg to Rustenberg, outside Sun City, in 1988, is a "tomboy" who has followed in the footsteps of her late father, Mr Lesley Stanley Phillips, who owned a motor car workshop. He died two years ago in a car accident, aged 46.

Her colleague, Sergeant Theo de Villiers, a seasoned mechanic, also worked flat out this week to prepare the Cheetah for the airshow.

Phillips-Britton, who is married to a motor mechanic and who lives eight kilometres from the

Melody makes Cheetahs purr

South African Airforce's Two Squadron base in Louis Trichardt near the Zimbabwe border, said her interest in repairing motor cars began when she was in primary school.

"At the time while my friends played hop scotch and other games, I spent time in my father's workshop watching how cars were repaired.

"I helped my father fetch spanners and screwdrivers but as time progressed I helped with the repairs.

"When I was told by the airforce in 1995 that they could not take me on as a trainee pilot because of my height and built, I did not throw in the towel. I then inquired if there were vacancies for women mechanics and when I was told there were opportunities, I seized it."

Phillips-Britton added that with Afrikaans being her first language and having matriculated in 1994 at a multi-racial school in Rustenberg, breaking into what was then a predominantly white men's domain posed various challenges.

"I remember the first day when I walked into the workshop at the airforce. The 50 white guys stood there in disbelief when this pint-sized woman picked up spanners and showed them what was what in the motor.

"In the examinations at the School For Logistical Training from 1997 to 2000 when I qualified as the first Indian woman mechanic to repair Cheetahs, I finished third in a class of 50. My colleagues respect me and I respect them. Sometimes I get a lot of attention just like the Cheetah does and I love it because I have earned my stripes.

"People often ask me why I became a Cheetah mechanic. The answer is simple: The Cheetah is an awesome fighter and is the pride of our airforce. I also wanted to be part of an elite group."

Her superior, Lieutenant Jay Van Der Wetzel, said he admired Phillips-Britton's guts.

When you hear the roar of this Cheetah's engine over Durban during tomorrow's Virginia Air Show, know that it was fine-tuned by Melody Phillips-Britton, our first woman fighter-plane mechanic

Picture: DEENA PILLAY



Sy laat die groot **katte** spin ...

Sy is die enigste vrou in die Suid-Afrikaanse Lugmag wat met die instandhouding van Cheetah-straaljagters help. Johann Smidt het meer gaan uitvind



Johann Smidt

Een van haar pligte is om die vlieëniers te help om hulle op hul uitskietstoele vas te gordel. Die gelukkige vlieënier is majoor Ettienne Potgieter wat intussen tot luitenant-kolonel bevorder is.

Van kleintyd af het sy net een begeerte gehad ... om te vlieg. Nie in gewone vliegtuie nie, maar in die supersoniese Cheetah-straaljagters van die Suid-Afrikaanse Lugmag.

Moeder Natuur het egter 'n stokkie daarvoor gestee. Dié meisie was te kort en maer om agter die roer van die jagter in te skuif. "Nou goed dan," het sy besluit, "as ek dan nie in jou kan vlieg nie, sal ek aan jou

werk." Dit kortliks, is die geskiedenis van die 25-jarige sersant Melody Phillips-Britton, die enigste en eerste vroue-werktuigkundige aan Cheetah-straaljagters in die Suid-Afrikaanse Lugmag. Toe sy kort na matriek aansoek doen om vir die lugmag te vlieg, moes sy tot haar ontsteltenis sien dat sy nie aan die basiese vereistes voldoen nie.

"Ek was te kort en te lig om as vlieënier opgelei te word en het toe besluit om as vliegtuigwerktuigkundige by die lugmag aansoek te doen. "Enjins, veral motorenjins, is vir haar iets alledaags. Haar pa is 'n opgeleide motorwerktuigkundige en sy het hom reeds as vyfjarige in die werkswinkel bygestaan. Vandag is daar nie 'n skeet in 'n motor wat Melody nie kan regmaak nie. Sy is ook 'n kenner van vergassers en terwyl sy op die uitslag van haar aansoek gewag het, het Melody haar op die instelling van veral dubbelkeëlvergassers toegespits. Na haar opleiding as lugraam- en enjinwerktuigkundige is Melody tot haar blydskap na 2 Cheetah-eskader op Louis Trichard verplaas. Haar droom is bewaarheid.

"Dit is wonderlik om aan die vliegtuie te werk. Elke dag is vir my 'n belewenis. Soms, wanneer die vliegtuie oor die basis vlieg, kry ek so 'n lekker warm kol op my maag as ek daar aan dink dat ek deel van 'n wonderlike span



Al die Cheetahs word voor elke vlug noukeurig nagegaan.

is wat die vliegtuie in die lug hou. Dit is lekker om te weet iemand het jou nodig."

Haar manlike eweknieë en die vlieëniers is dit eens dat Melody haar kant bring en net so hard, indien nie harder nie, as die grondbemanningswerk. Sy is nie bang om haar hande vuil te maak nie en wanneer sy met haar skroewedraaier en moersleutel na 'n fout soek, sal sy nie ophou voordat dit herstel is nie.

"'n Mens moet trots op jou werk wees en al beteken dit dat jy soms langer ure moet werk om klaar te kry, doen jy dit altyd noukeurig. In dié werk kan jy nie bekostig om foute te maak nie. Jy is altyd daarvan bewus dat ander se lewe van jou afhang."

Melody het nog nie 'n geleentheid gehad om in een van haar "kinders" te vlieg nie. "Ek glo nie ek sal nie. Die uitskietstoel is vir langer en swaarder mense bedoel. Ek is te lig en ek is bang ek beskadig my rug as ek die stoel in 'n noodtoestand sou moes gebruik. Ek is gelukkig in my werk en sal dit vir niks verruil nie. Vir my is daar niks mooiers as om na die gespin van 'n vlamgat se enjin te luister as dit verby my na die punt van die aanloopbaan toe ry nie. Dan wag ek op daardie magtige gedonder van die enjin wanneer die vergasser oopgestoot word en die Cheetah binne sekondes in die blou ruimte verdwyn. Dit is hoendervleis lekker." **Vk**

'n Gelukkige Melody voor "Die Vlag", die Lugmag se seremoniële Cheetah C-straaljagter, wat bo en behalwe sy alledaagse gebruik, ook op lugskoue in die land aangewend word.

